Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 40

22 November 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Ruzaan de Goede in graad 5F en haar familie met die heengaan van haar oupa verlede week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

EKSAMEN 2024
Ons het nog net drie dae oor, dan is die eksamen verby. Sterkte met die laaste paar vakke wat geleer moet word. Byt vas tot die laaste vraestel, dan sal jy suksesvol wees.

SKOOLTYE GEDURENDE DIE EKSAMEN TOT 11 DESEMBER 2024
Neem asb. kennis dat die skool **tot en met 10 Desember om 12:00** sal verdaag en op **11 Desember om 10:00. Hierdie tye is van toepassing vir graad R tot graad 7.**

VEILIGHEID TYDENS AFLAAI VAN LEERLINGE
Ons wil al ons ouers dringend versoek om baie veiligheidsbewus te wees as u u kind soggens aflaai en/of weer middae oplaai. Kriminele, het die week twee keer by ons skool in Willetstraat toegeslaan. Die een poging kon ons Maandag verhoed, maar Woensdagoggend is 'n skootrekenaar uit een van ons ouers se motors gesteel. Hulle sit in voertuie en hou ons ouers dop. Sorg dat u voertuig deeglik gesluit is indien u saam met u kind skool toe stap. Sorg ook dat kosbare besittings nie sigbaar deur die motors se vensters is nie.

LAASTE SAAL EN RAPPORTE
Ons laaste saal vir die jaar vind op Vrydag, 6 Desember 2024 plaas. Ons neem by die geleentheid van ons graad 7-leerlinge afskeid en die ouers is baie welkom om die saalbyeenkoms by te woon. Die leerlinge se rapporte sal aan die einde van die dag aan die leerlinge gegee word om huis toe te neem. Indien u kind se rapport gepos moet word, moet u asseblief 'n geadresseerde koevert (± 22cm x 11cm) met 'n seël op aan u kind se klasonderwyser/es teen 3 Desember 2024 stuur.

VERPLIGTE BENODIGDHEDE: GRAAD 1: 2025
Soos u reeds daarvan bewus is, kan u ons sportklere, skooltas en sportsak ens., slegs by die klerewinkel aankoop.

Soos u reeds daarvan bewus is, kan u ons sportklere, skooltas en sportsak ens., slegs by die klerewinkel aankoop. Ons versoek u om asb. die klerewinkel te besoek om die nodige aankope te doen.
Aangesien u kind se naam op die skool-, sportsak, voorskoot en stoelsakkie borduur moet word, moet ons asb. u **bestelling voor/op 29 November ontvang**. Die betaling daarvan op die laatste 6 Desember asb. **Die klerewinkel sluit alreeds Vrydag, 6 Desember 2024.**

SKOOLTASSE
Ons graad 1-leerlinge moet gebruik maak van die skool se voorgeskrewe tas. Ons het navrae ontvang in verband met die koop van nuwe skooltasse en wil bevestig dat indien u vir u kind in graad 4 en hoër 'n nuwe skooltas in die toekoms wil aanskaf, **maroen, swart en donkerblou die enigste kleur skooltasse is wat aanvaarbaar is.** Die sportsakke mag slegs dié wees wat by die skool se klerewinkel aangekoop kan word.

SKOOLGELDE 2024
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. **Aan die einde van November moet al 2024 se skoolgelde klaar betaal wees.** Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. **Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem.** Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR HIERDIE KWARTAAL:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Neem kennis dat die klerewinkel Vrydag, 6 Desember vir 2024 sluit, weens voorraadopname. Laaste dag vir bestellings en betalings is 29 November

Ma – 25 November	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** **EKSAMEN :** SW Aardrykskunde graad 4 en 6 **EKSAMEN :** SW Geskiedenis graad 5 en 7 ***Skool sluit om 12:00 vir leerlinge vir res van die kwartaal**
Di – 26 November	:	***Me. Monique Victor verjaar** **EKSAMEN :** LV graad 4 tot 6 **EKSAMEN :** EBW graad 7 ***Skool sluit om 12:00 vir leerlinge vir res van die kwartaal**
Wo – 27 November	:	Klerewinkel: **12:00 tot 14:30** **EKSAMEN :** KK graad 4 tot 7 ***Skool sluit om 12:00 vir leerlinge vir res van die kwartaal**
Do – 28 November	:	***Skool sluit om 12:00 vir leerlinge vir res van die kwartaal**
Vr – 29 November	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** ***Skool sluit om 12:00 vir leerlinge vir res van die kwartaal**

SPORT EN KULTUUR

BINNEHUISE-NETBAL : NEWTONITES
Die Newtonites O/13-span het Saterdag 9 November deelgeneem aan die Indoor Action Netball Summer League en het 33-10 teen die Eastern Capies span gewen. Baie geluk, meisies!

BINNEHUISE-NETBAL : DAISIES

Die O/9-netbalmeisies het Saterdag, 16 November aan die junior binnehuise-netballigawedstryd deelgeneem. Hul span, Daisies het teen Super-Net gespeel en het 22 – 9 gewen. Baie geluk, meisies!